***Aan die Meer van Galilea:***

### *Die Meester by Matthéüs die tollenaar; gesprek met die sondaars*

**120** Toe ons `n punt bereik het waar die volk ons nie meer kon sien nie, laat Ek weer na die kus vaar; want dit was al ruimskoots middag en ons het in die skip niks te ete gehad nie. Ons kom ongeveer twee uur na ons vertrek van die vorige huis af weer aan land en moet toe nog `n behoorlike stuk terugloop na `n klein dorpie waar ons middagpouse wil hou.

[2] Maar voor die dorpie is daar `n streekstolhuis. En kyk, daar by die sperboom aan die toltafel sit die jong man (hy was pas vyf en dertig, wat by die Judeërs nog jonk was), wat in die vorige huis as een van die agt broers wat die jiglyer na ons gebring het, sulke wyse woorde gespreek het.

[3] Toe **die fariseërs en skrifgeleerdes** hom sien, sê hulle: “Dit is nie so goed nie! Hy is sowaar `n Romeinse tollenaar! Hy gaan nou sekerlik `n skrikwekkende tol van ons eis! Wat moet ons nou doen?”

[4] **Ek** sê: “Bekommer julle nie, want dit is hier nie nodig nie! Ek sal sorg dat dit goed gaan.”

[5] Met hierdie woorde loop **Ek** op die tollenaar af en sê aan hom: “Matthéüs (so heet hy), laat iemand anders aan hierdie tafel sit en **volg jy My**!” En dadelik staan hy op, gee die tafel aan `n ander en volg My sonder enige kommentaar. *(Matthéüs. 9:9)*

[6] **Matthéüs** sê: “Hierdie keer het die Meester vir julle almal die tol betaal, want Hy het my oom gesond gemaak. Hoe sou ek nou van Hom, die goddelike Meester, tol kan verlang?!”

[7] Die sperboom gaan omhoog en hulle gaan almal daardeur sonder om te betaal.

[8] In die dorp aangekom, bring Matthéüs ons na sy huis, waarin al die tollenaars wat by hierdie belangrike tolhek werk en `n aantal opsieners en ander 'sondaars' - volgens die maatstawwe en die oordeel van die Judeërs, fariseërs en skrifgeleerdes - middagmaal hou. Die huis van Matthéüs was groot, en dit was tewens `n herberg, waarin die Judeërs moes betaal om iets te ete en te drinke te kry, terwyl die tollenaars, opsieners en 'sondaars' nie hoef te betaal nie, omdat hulle in diens was van die huis, wat die tol van die Romeine in pag had.

[9] Ek word dadelik deur al die tollenaars aan tafel uitgenooi en buite kry My leerlinge en ook die fariseërs en skrifgeleerdes voldoende brood en wyn, wat die leerlinge geprys het. *(Matthéüs. 9:10)* Die fariseërs en skrifgeleerdes egter nie, want hulle was beledig omdat hulle nie, soos Ek, aan tafel genooi is nie.

[10] Terwyl Ek dus alreeds met `n groep tollenaars en sondaars aan tafel sit, kom daar nog `n aantal tollenaars en sondaars in die huis in wat uit ander plekke kom, want die huis van Matthéüs staan in die verre omtrek bekend as baie welgesteld en gasvry en veral op die sabbat kom die manne daar in groot getalle bymekaar. Hulle groet My almal baie vriendelik en sê dat hierdie huis geen groter eer te beurt kon val as dat Ek daar `n gas is nie. En hulle maak die tafel groter en almal kom aan My tafel sit.

[11] **Die fariseërs en skrifgeleerdes** verdring hulleself intussen voor die groot deur van die huis om te kan sien wat Ek doen en sê. Toe hulle sien dat Ek baie vriendelik met die tollenaars en sondaars omgaan, vererg hulle hulleself innerlik behoorlik en vra aan My leerlinge wat buite by hulle was: “Waarom eet julle Meester eintlik saam met tollenaars en al daardie onmiskenbare sondaars? Hoort hy heimlik miskien daarby?” *(Matthéüs. 9:11)*

[12] Omdat Ek die vraag hoor, rig **Ek** My vanaf die tafel tot hulle daarbuite en sê kort en vriendelik: “**Die sterk en gesondes het die dokter nie nodig nie, maar wel die siekes!** *(Matthéüs. 9:12)* Gaan egter heen en leer wat dit beteken:

[13] ‘**Ek verheug My oor barmhartigheid en nie oor offers nie!’**

[14] **Want Ek het gekom om die sondaars tot boetedoening aan te spoor** - en nie vir die vromes wat die boetedoening nie nodig het nie!” *(Matthéüs. 9:13)*

[15] Die fariseërs en skrifgeleerdes lê hierdie woorde ten gunste van hulleself uit en sê verder niks meer nie; **want hulle voel hulleself daardeur gevlei**.

[16] Ek praat daarna met die geselskap in allerlei gelykenisse waarin die menslike lewe in sy swakhede en die uit hierdie swakhede maar al te dikwels voortkomende verdorwenheid heel duidelik en tasbaar voorgestel word. So gee Ek hulle ook duidelike reëls vir **die juiste opvoeding van hulle kinders** en laat hulle sien hoe `n slegte opvoeding op die lange duur al die moontlike kwale, sowel **geestelik as liggaamlik**, tot gevolg sal hê.

[17] Ook lê Ek aan die geselskap uit waarom Elohim die mens geskep het en hoe die mens as `n vry wese uit homself in volle vryheid dít tot stand moet bring waarvoor Elohim hom geskape het, naamlik om daardeur `n volmaakte, onverganklike geestelike wese te word.

### *Gesprek oor Josef, Mirjam en JaHshua*

**121** Hoewel nie almal hierdie lesse verstaan nie, is dit wel te begrype dat hulle tog heel positief en dankbaar aanvaar word. Selfs **die fariseërs en skrifgeleerdes** verbaas hulle baie oor My wysheid en vra hulleself af waar Ek dit vandaan kry. Want hulle ken My, Josef en Mirjam en al die kinders van Josef en daarom sê hulle dan ook aan die leerlinge: “Dit is werklik nie te verstaan nie! Sy vader staan by sy vakgenote bekend as `n bekwame ambagsman, `n buitengewoon troue, redelike en eerlike mens, daarby ook `n strenge Judeër wat heel gewetensvol rekening gehou het met Moses en die profete vir sover hy met hulle bekend was. Van een of ander besondere wysheid was by hom nooit iets te bespeur nie en sy ander vier eie seuns wat herhaalde male by ons gewerk het, is van enige spoortjie wysheid net so ver verwyder as die son, maan en sterre van die aarde af.

[2] Die goeie moeder Mirjam, `n nog steeds baie liewe, vlytige en deugsame vroutjie waarvan beslis geen mens iets verkeerds kan sê nie, was weliswaar as jong meisie, as ons tenminste goed ingelig is, in die tempel opgevoed; maar hierdie opvoeding ken ons en ons weet maar al te goed hoeveel wysheid daar, spesiaal vir meisies, te pas kom. En daarom kan Hy van Sy moeder ook maar baie weinig wysheid verkry het. En op een of ander skool was Hy, sover ons weet, ook nie!”

[3] “Inteendeel”, sê **`n skrifgeleerde,** `n goed bekende aan Josef, “Josef het my meer as een keer sy nood bekla oor sy seun JaHshua en daarby gesê: 'Ek weet nie wat ek met hierdie Seun moet doen nie! Sy geboorte moes baie uitsonderlik gewees het. Uit die verskynsels wat daarmee skynbaar baie nou verband hou, sou mens kon sê dat die goddelike Wese Homself deur daardie Kind op aarde sou manifesteer. Ook verskeie, beslis buitengewone verskynsels asook Sy dikwels aan hoë wysheid grensende uitsprake uit Sy vroegste kindertyd spreek daar maar al te duidelik van. Dit alles het my met die grootste verwagtinge vervul en dit des te meer omdat ek in `n reguit lyn vanaf Dawid afstam. Maar juis nou dat dit tyd word dat die Seun iets sou moes gaan leer, is daar met hom niks mee te beginne nie. Van iets leer, is geen sprake nie. As ek Hom na `n leraar laat gaan, dan kan hy niks met Hom gedoen kry nie; die Seun weet en verstaan alles beter en as `n leraar hom streng wil aanpak, dan is dit heeltemal uit!

[4] Wat Hy nog uit Sy vroegste jeug oorgehou het, is `n onbegryplike, onbuigsame wilskrag waarmee Hy, as Hy dit nodig vind, onmiskenbare wonders doen; en hierdie eienskap maak nou juis dat daar met Hom, wat die leer betref, niks aangevang kan word nie. Verder is Hy vroom, gewillig, gehoorsaam en baie welopgevoed, aards, sag en beskeie, net soos Sy moeder; **slegs met die leer moet jy nie by Hom aankom nie!’**

[5] Wel, daaroor het die ou Josef by my nie eenmaal nie, maar meermale gekla en daarom is dit wel heel sekerlik dat hy, behalwe die timmermans-handwerk niks anders, ook geen lees en nog minder skryf geleer het nie. Die vraag waar Sy Wysheid dan vandaan kom, is dus heel begryplik”. *(Kyk: 'Die jeug van JaHshua')*

[6] **Johannes** die evangelis, sê: “Vriende, ek weet presies hoe dit inmekaar steek en is daar heeltemal mee op hoogte, maar die oomblik het nog lank nie gekom om dit aan julle te vertel nie. Daar kom beslis `n oomblik waarop u dit van Hom self sal hoor. Tot dan moet Sy dade en Sy Wysheid voldoende vir u wees”. - Die fariseërs en skrifgeleerdes dring daar by Johannes aan dat hy hulle tog tenminste `n paar aanduidings sou gee, maar Johannes laat hom nie oorhaal nie. Toe gaan daar verskeie tolbeamptes en opsieners na hulle werk toe omdat hulle klaar was met die middagete en daar kom ruimte aan die groot tafel.